DIEREMISHANDELING EN KORRUPSIE IN DIEREBESKERMING

—deur Peter Hammond

Thinus Botha het hierdie foto in Pretoria op die N1-snelweg geneem, oomblikke voordat een van die kameelperde se kop die brug getref het.

Reisigers was onlangs geskok om twee kameelperde te sien wat agter op 'n vragmotor op die N1-snelweg noord van Pretoria vervoer word. Foto's wat motoriste geneem het, wys hoe die lang nekke van die geblinddoekte kameelperde ver bo die voertuig uittroon terwyl dit die Garsfonteinbrug nader.

In afgryse

Getuies het vertel van hulle afgryse toe die vragmotor onderdeur die brug ry en 'n geweldige klapgeluid gehoor kon word toe een van die kameelperde se kop teen die betonbrug gestamp het. Ten spyte daarvan dat motoriste toeter geblaas het vir die vragmotor om te stop, het die bestuurder voortgesnel.

Ongelooflik

Die Nasionale Dierebeskermingsvereniging (NDBV) het die verduideliking van die bestuurder, dat dit 'n ongeluk was, verwerp. Hy was besig om die twee kameelperde van die Meyersdal-ekolandgoed af namens Ditjabe Wildlife Services te vervoer. Rick Allen van die DBV, het gesê: "Ongelukke vind wel plaas...maar hierdie een kon voorkom word. Dit verg net gewone gesonde verstand."

Onaanvaarbaar

Die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde (SABS) het 'n gedragskode opgestel vir die openbare vervoer van wild, en die vervoer van kameelperde op 'n oop vragmotor met hulle koppe wat uitsteek, is onaanvaarbaar. Diegene wat vir die kameelperd se dood verantwoordelik is, sal volgens die dierebeskermingswet vervolg word. Die NDBV het verklaar: "Ons sal volgens die dierebeskermingswet kriminele klagtes lê."

Internasionale nuus

Die kameelperd se bisar en tragiese dood het internasionale nuus gehaal. Die Metro (Britse koerant) het berig: "Gesonde verstand is klaarblyklik skaars onder sommige vragmotorbestuurders op Suid-Afrikaanse paaie; 'n kameelperd is dood nadat dit 'n brug getref het!"

Tweede kameelperd dood

Ondersoeke het aan die lig gebring dat 'n tweede kameelperd na bewering ook dood is, terwyl dit by die Meyersdal-ekolandgoed gevang is. Ainsley Hay van die wildbewaringseenheid van die NDBV het bevestig dat hulle hierdie voorval ook ondersoek: "Diere wat tydens 'n wildvangoperasie vrek, is nie natuurlik nie."

Die Skrif is duidelik: *"Die regverdige sorg goed vir sy diere, maar die goddeloses is wreed."* Spreuke 12:10.

Skokkende skandaal

Nog 'n voorbeeld van dieremishandeling is 82 dooie plaasdiere, insluitend ontbindende varke, hoenders, ganse en skape wat op Thandi Modise, 'n ANC-leier en voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies, se plaas ontdek is.

"Hoe lank moet die land droog lê, moet al die plante van die veld verdor. Die diere en die voëls vergaan oor die boosheid van die inwoners van die land..." Jeremia 12:4.

"Hoe lank moet die land droog lê, moet al die plante van die veld verdor. Die diere en die voëls vergaan oor die boosheid van die inwoners van die land..." Jeremia 12:4

Red Madiba se beeste

Kort hierna is alarm gemaak dat die beeste van voormalige president Nelson Mandela in die veld buite Mandela se opstal by Qunu besig is om van honger te vrek. Die provinsiale regering moes inderhaas dierevoer en veeartse voorsien om die verwaarloosde trop te red. Die eens groen weivelde het tot stof vergaan en die beeste het op barre aarde en polletjies droë gras gewei.

Onverantwoordelik

Die plaasbestuurder, Siyakudumisa Gabada, het die situasie op die plaas as "uiters moeilik" en bekommerenswaardig beskryf. Dit blyk dat sy persoonlike verantwoordelikheid as plaasbestuurder hom ontgaan het. Sy opmerkings het meer soos dié van 'n waarnemer geklink as van die persoon wat inderdaad verantwoordelik is.

Onvoldoende

Mandela se kleinseun, hoofman Mandla Mandela, het erken dat die beeste "nie in 'n bevredigende toestand is nie." Hy het opgemerk: " Hierdie tyd van die jaar verloor ons gemeenskap baie beeste en skape weens die droogte. Soos jy kan sien, is daar skaars enige gras op die plaas »

"Die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom wat hoort by die heerlikheid van die kinders van God." Romeine 8:21

REGS: Thandi Modise, 'n ANC-leier en voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies.

BO en REGS ONDER: Haar verwaarloosde plaas en diere wat van honger gevrek het en verbrand moes word.

DIEREMISHANDELING EN KORRUPSIE IN DIEREBESKERMING

oor. Daar is ook ander uitdagings, soos die beheer van oorbeweiding op die plaas."

Saak van vertroue

In sy testament het Nelson Mandela sy wens uitgespreek dat die landboubedrywighede ná sy dood op Qunu moet voortgaan en dat die Nelson Mandela Familietrust die huidige bestuurder moet behou en 'n gepaste plaasvervanger vind, sou hy nie meer beskikbaar wees om die plaas te bestuur nie.

Marteling

Toe 30 van die bulle pynigend gekastreer en talle onthoring is, was daar 'n verdere opskudding. As in ag geneem word dat Nelson Mandela die beskermheer van die DBV was, is dit onrusbarend.

saam, maar dit is ons kultuur. Ons kan nie ons kultuur verander nie." Vir 40 minute lank het dosyne die bulkende, kreunende bul vertrap, hom aan die horings probeer nekomdraai om sy nek te breek, sy tong uitgetrek, sand in sy mond gestop en selfs probeer om sy penis te knoop. Blink van die sweet het hulle seëvierend gedans en gesing terwyl die bul uiteindelik die stryd gewonne gegee het.

'n Gruwel

Tanzanië, Sierra Leone, Kongo, Kenia, Zimbabwe en afgevaardigdes van die Afrika Netwerk vir Dierewelsyn het 'n petisie onderteken wat die Suid-Afrikaanse parlement versoek om Ukweshwma te stop, maar tot dusver was dit vrugteloos. Kan marteling en wreedheid werklik in die naam van kultuur geregverdig word?

"Ons moet immers almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of kwaad." 2 Korintiërs 5:10

Rituele wreedheid

Die Fees van Eerste Vrugte (Ukweshwma), 'n ritueel waartydens jong mans 'n bul met hulle kaal hande moet doodmaak, was die fokus van 'n geregtelike twispunt omdat sommige daarop aanspraak maak dat sulke kulturele seremonies in terme van die grondwet verskans is. Die dierebeskermingswet is juis ingestel om die einste wreedheid en marteling, wat in Ukweshwma plaasvind, te voorkom.

Kultuur van wreedheid

Hoofman Mlaba erken: "Dit is wreed, ons stem

"Die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom wat hoort by die heerlikheid van die kinders van God." Rom 8:21.

Onwettig en onhigiënies

Dan is daar die onwettige slagplekke wat onhigiënies bedryf word en onmenslike praktyke toepas sonder enige veeartse wat die diere inspekteer; ook nie opgeleide gesondheidsinspekteurs om seker te maak dat die vleis nie met enige potensiële skadelike parasiete besmet is nie.

Gesondheidstydbomme

Allan Perrins van die DBV beskryf hierdie slagplekke as "gesondheidstydbomme" wat gesluit behoort te word om die verspreiding van potensieel dodelike siektes te voorkom. Die DBV het die onmenslike hantering en slag van die diere veroordeel. Die slagplekke oortree gesondheids- sowel as omgewingsbepalings en breek die dierebeskermingswet en die vleisveiligheidswet.

Skeppingsmandaat

Aan die hand van duidelike lering in die Skrif oor die skepping en die mensdom se verantwoordelikheid, moet ons diere met die liefde en sorg hanteer van diegene wat weet dat hulle verantwoording vir hulle optrede voor die almagtige God moet doen. Ons moet weet dat die welsyn en beskerming van diere 'n uiters belangrike deel van ons Christelike verantwoordelikheid is. Ons moet alles in ons vermoë doen om die welstand van alle diere wat die aarde saam met ons bewoon te verseker en só die wil van God vervul.

"Ons moet immers almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of kwaad." 2 Korintiërs 5:10. Besoek: www.thebibleandanimals.org ■

DR PETER HAMMOND *is 'n sendeling, outeur en spreker. Skakel 021 689 4480; mission@frontline.org.za; www.frontline.org.za*